# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# WERKBOEK VIR OPENBARE OPVOEDING

Promoting tolerance, equality, respect, equity, integrity and diversity

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika

www.wcpp.gov.za
+27 21 487 1600

# Werkboek vir Openbare Opvoeding

**Uitgegee deur**
**die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement**
**2022**

# INHOUDSOPGAWE


Inleiding en algemene oorsig......3
Simbole van die WKPP......4
Hoofstuk 1: Beginsels van demokrasie......5
Wat is demokrasie?......7
Uitleg van Raadsaal......7
Beginsels van demokrasie......8
Besprekingsvrae......8
Notas......10
Hoofstuk 2: Drie sfere van regering......11
Drie sfere van regering......13
Besprekingsvrae......14
Hoofstuk 3: Die drie arms van die regering......15
Die drie arms van die regering......17
Besprekingsvrae......18
Hoofstuk 4: Die Rol en Funksie van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement......19
1. Toesighouding en Verantwoordbaarheid......21
2. Openbare deelname......23
3. Die maak van wette......24
4. Deurvoer van 'n gewone wetsontwerp......25
Besprekingsvrae......26
Hoofstuk 5: Die Grondwet......27
Aanhef......29
Agtergrond......29
Ken jou Grondwet – Ken jou regte......30
Besprekingsvrae......32
Notas......10
Hoofstuk 6: Staatinstellings wat grondwetlike demokrasie ondersteun......33
Hoofstuk 9-instellings......35
Besprekingsvrae......38
Hoofstuk 7: Die begrotingsproses......39
Wat is die begroting?......41
Hoe word die geld in die regering bestee?......41
Kenmerke van 'n goeie begroting......41
Die jaarlikse begrotingsiklus......41
Hoe kan die publiek betrokke raak?......42
Besprekingsvrae......43

## INHOUDSOPGAWE


Hoofstuk 8: Jaarlikse verslagproses....45

Wat is departementele jaarverslae?....47

Hoekom dien provinsiale departemente jaarverslae aan die Provinsiale Parlement voor?....47

Rol van die Ouditeur-generaal....47

Rol van die staande komitees en Komitee oor Openbare Rekeninge....47

Rol van die publiek....48

Jaarverslagtydperk by die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement....48

Besprekingsvrae....49

Hoofstuk 9: Petisies....51

Wat is 'n petisie?....53

Tipes petisies....53

Formele vereistes van petisies....53

Prosedure vir indien van 'n petisie....53

Petisiegevallestudie....54

Hoofstuk 10: Voorleggings....55

Wat is 'n voorlegging?....57

Hoe word voorleggings gemaak?....57

Wat is die inhoud van 'n voorlegging?....57

Aktiwiteit....58

Bykomende bronne....59

Woordelys....61

. Bykomende leeswerk....64

Regulasies op Petisies kragtens Wet 3 van 2006....67

Wes-Kaapse Wet op Petisies, 2006....71

Aanhangsel A: Petisievorm....73

Opvoedkundige Werkswinkel Evaluasievorm....75

## INLEIDING EN ALGEMENE OORSIG

Die Werkboek vir Openbare Opvoeding en Uitreiking het ten doel om te dien as 'n inligtingsbronwerktuig, nie net tydens opvoedkundige werkswinkels nie, maar met die mikpunt om as voortgesette bron van inligting vir openbareopvoedingsinisiatiewe te dien. Die werkboek verskaf aan die leser of gebruiker 'n verfynde oorsig oor 'n wye reeks aangeleenthede wat verband hou met wetgewende kwessies, die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, staatsinstellings, hoofstuk 9-instellings en inligting oor hoe om met die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement te skakel. 'n Reeks vrae aan die einde van elke hoofstuk moedig bespreking in kleiner groepe vir verdere insig aan.

Gebruike van die werkboek:

- opvoedkundige werkswinkels / werksessies
- burgerlike opvoedingsinligtingsessies
- kleiner groepbesprekings
- opvoedkundige programme met betrekking to petisies en voorleggings

Ons vertrou dat jy die inligting nuttig, interessant en betekenisvol sal vind terwyl jy saam met ons 'n meer aktiewe burgerskap in die uiteenlopende gemeenskappe van die Wes-Kaap skep.

## Logo van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement

Die WKPP-logo beeld die energieke, uiteenlopende mense van die Wes-Kaap uit wat die middelpunt van parlementêre sake is.

Die drie figure, wat die drie arms van die regering verteenwoordig, staan bo-aan 'n stel trappe en beeld sodoende die spilpunt en opheffing van die mense wat ons dien, uit.

Die boë aan die bopunt van die stel trappe simboliseer die boë by die ingang na die Waalstraat-kompleks en die oop deure verteenwoordig 'n parlement wat oop en toeganklik vir almal is. Agter die figure reflekteer 'n sonstraal die hoop en aspirasies van die mense.

Die woorde daar rondom is in die drie amptelike tale van die provinsie – Afrikaans, Xhosa en Engels.

Die embleem word omring deur 'n swart seël wat die amptelike stempel van die WKPP verteenwoordig.

## Ampstaf



Die ampstaf word gebruik as die seremoniële amptelike staf en as 'n simbool van die Speaker se gesag en die reg van Lede van die Parlement tot vryheid van spraak.

Aan die begin van elke sitting van die Huis word die ampstaf op die tafel voor die Speaker geplaas en dit word net verwyder wanneer die Huis verdaag.

Aan die bopunt van die staf is 'n kroon van proteas en ringe. Die kroon is in 'n Khoikhoi-pot, wat met ankers en trosse druiwe versier is. Net bokant en onder die pot is tradisionele San-kralewerk. Aan die onderkant van die stinkhoutstaf is 'n gestileerde protea. Die bopunt en die onderkant van die ampstaf bestaan uit 9 karaat wit- en geelgoud.

WES-KAAPSE
PROVINSIALE PARLEMENT

# HOOFSTUK 1

## BEGINSELS VAN DEMOKRASIE

# WAT IS DEMOKRASIE?


Demokrasie is 'n regeringstelsel – 'n manier waarop 'n land regeer word. Die algemeenste definisie van demokrasie is "regering deur die mense". Dit beteken basies dat die mense die regering 'n mandaat (hulle toestemming) gee om die land namens hulle te regeer. Deur hul stemreg word die mense die geleentheid gegee om, in gereelde, vrye en regverdige verkiesings, die politieke partye en die politici wat hulle in die regering sal verteenwoordig, te kies.

Wanneer die regering verkies is, het hy baie verantwoordelikhede. Hy is verantwoordelik vir die bestuur van bronne, soos grond, water en openbare dienste, om seker te maak mense se basiese behoeftes word bevredig. Daar word van die mense verwag om belasting aan die regering te betaal en die geld word gebruik om vir basiese gesondheidsorg en onderwys, maatskaplike toelaes en pensioene, paaie, behuising, water, ensovoorts, te betaal. Terwyl vrye en regverdige verkiesings 'n noodsaaklike deel van demokrasie is, gaan demokrasie nie net oor die uitbring van stemme nie.

Demokrasie gee ook aan burgers die geleentheid om aan die regering op plaaslike vlak deel te neem. Burgerlike deelname help toesien dat verkose verteenwoordigers aanspreeklik is vir hulle optrede.

Daar word van hulle verwag om eerlik en doeltreffend op te tree en om te hou by die beloftes wat hulle tydens verkiesingsveldtogte gemaak het, en om oop en deursigtig te wees in hulle optrede. Wanneer die meerderheid burgers vir die regering stem, gee hulle in werklikheid aan die staat 'n mandaat om wetgewing namens hulle deur te voer en af te dwing. As die regering ongewild raak, kan die regerende party uitgestem word en met 'n opposisieparty of 'n koalisie van partye vervang word.

## Uitleg van Raadsaal



1. Speaker
2. Premier
3. Leier van die Opposisie
4. Meerderheidsgroepering
5. Opposisie
6. Mediagalery
7. Openbare galery
8. Amptenaar se losie
9. Premier en Speaker se losie
10. Hansardverslaggewers
11. Sekretaris
12. Ampstaf
13. Tafel
14. TV-kameras
15. Ministeriële banke
16. Leier van regeringsake
17. Hoofsweep

## BEGINSELS VAN DEMOKRASIE

### Deelname

Mense het 'n reg en 'n plig om in verkiesings te stem en by politieke en burgerlike gemeenskapsorganisasies aan te sluit.

### Gelykheid

Alle mense behoort regverdig en sonder diskriminasie behandel te word en gelyke geleenthede gegee te word.

### Verdraagaamheid

Elke persoon, wat minderheidsgroepe insluit, behoort toegelaat te word om hul mening te lug en by politieke, godsdienstige en burgerlike samelewingsorganisasies van hul keuse aan te sluit.

### Verantwoordbaarheid

Die regering moet verantwoordbaar gehou word aan die mense vir hulle optrede, wat wette insluit wat deurgevoer word, en hoe die wette toegepas word.

### Deursigtigheid

Die regering moet openlik en eerlik verslag doen – hy moet deursigtig (soos 'n venster) in sy interaksie met die publiek wees.

### Gereelde, vrye en regverdige verkiesings

Verkiesings moet gereeld en op 'n vrye en regverdige manier plaasvind, sonder intimidasie, korrupsie of dreigemente teen enige lid van die publiek.

### Aanvaarding van verkiesingsuitslae

Wanneer 'n politieke party 'n verkiesing verloor, moet sy lede en ondersteuners die uitkoms van die verkiesing aanvaar.

### Menseregte

Die menseregte van individue en groepe moet beskerm word, soos in die Handves van Menseregte bepaal.

### Oppergesag van die wet

Die oppergesag van die wet beteken dat niemand bo die reg verhewe is nie, wat die president of leier van die land insluit.

### Veelpartystelsel

Meer as een party moet toegelaat word om aan verkiesings deel te neem en 'n rol in die regering te speel.

## BESPREKINGSVRAE

1. Wat is die belangrikste komponente van 'n funksionerende demokrasie?

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

2. Wat is die verhouding tussen menseregte en demokrasie?

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

3. Watter rol kan skole speel in die opleiding vir demokrasie?

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

4. Wat is die hoof uitdagings wat ons demokrasie vandag in die gesig staar?

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

5. Hoe kan aandag aan kiesersapatie geskenk word?

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________

# NOTAS

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# HOOFSTUK 2

## DRIE SFERE VAN REGERING

## DRIE SFERE VAN REGERING

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal hoe die regering werk.

Daar is drie sfere van regering:

1. Nasionale regering
2. Provinsiale regering
3. Plaaslike regering

Hierdie sfere is eiesoortig, onderling verwant en onderling afhanklik.




** Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, artikel 101(1)(a), en die Grondwet van die Wes-Kaap maak daarvoor voorsiening dat provinsies na hul provinsiale uitvoerende gesag as die "Provinsiale Kabinet" en lede van die provinsiale uitvoerende gesag as "Provinsiale Ministers" verwys.

## BESPREKINGSVRAE

1. Hoekom dink jy het ons drie sfere van regering in Suid-Afrika?

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

2. Noem en klassifiseer breedvoerig die magte en pligte van elke sfeer van die regering.

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

3. Identifiseer die areas van oorvleueling en samewerking tussen die verskillende regeringsfere.

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

4. Watter hoofstuk van die Grondwet maak vir samewerkende regering voorsiening?

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

_______________________________________________________________________________

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# HOOFSTUK 3

## DRIE ARMS VAN DIE REGERING

# DRIE ARMS VAN DIE REGERING




**Skeiding van magte** (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996)

- Die skeiding van magte in die Grondwet beteken die regering se funksies en magte word in drie duidelik verskillende arms, naamlik die wetgewer, die uitvoerende gesag en die regbank/howe, verdeel.
- Hierdie arms is onafhanklik van mekaar en elkeen het sy eie funksies.

## WETGEWENDE GESAG

- Voer wette deur
- Hou toesig oor en moniteer die uitvoerende gesag
- Verteenwoordig die mense
- Verkies die President of die Premier in die geval van provinsies

## DRIE ARMS VAN DIE REGERING

Bestaan uit:

Parlement

1. Nasionale Vergadering
2. Nasionale Raad van Provinsies
3. Provinsiale wetgewers

### UITVOERENDE GESAG

- Formuleer beleide
- Stel wette voor
- Implementeer wette
- Is verantwoordelik vir die beplanning en voorsiening van primêre dienslewering

Bestaan uit:

President, Adjunkpresident en kabinetsministers op nasionale vlak.

Premier en Lede van die uitvoerende gesag op provinsiale vlak

- Formuleer beleide
- Stel wette voor
- Voer wette deur
- Is verantwoordelik vir die beplanning en voorsiening van primêre dienste

### DIE REGBANK / HOWE

- Grondwetlike, Kriminele, Siviele sake.
- Gevalle waar wette oortree word
- Appelleer teen vonnisse
- Sluit in die:

  Konstitusionele Hof, Appèlhof, hooggeregshowe en landdroshowe

## BESPREKINGSVRAAG

1. Hoekom is dit belangrik dat die gesag van die staat in drie arms verdeel word?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# HOOFSTUK 4

## ROL EN FUNKSIE VAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

## 1. TOESIGHOUDING EN VERANTWOORDBAARHEID

In die Suid-Afrikaanse konteks is toesighouding en verantwoordbaarheid grondwetlik voorgeskrewe funksies van wetgewers of provinsiale parlemente om die optrede van die uitvoerende gesag en enige staatsinstelling noukeurig na te gaan. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika skryf in artikel 114(2) voor dat:

’n Provinsiale wetgewer moet voorsiening maak vir meganismes om-

a) te verseker dat alle provinsiale uitvoerende staatsorgane in die provinsie aan hom verantwoording doen; en
b) toesig te hou oor –
    i. die uitoefening van provinsiale uitvoerende gesag in die provinsie, met inbegrip van die uitvoering van wetgewing; en
    ii. enige provinsiale staatsorgaan”

### Definisie van toesighouding en verantwoordbaarheid

Die term “toesig” is afgelei van ’n handeling – “om toesig te hou” met verantwoordingspligtigheid as ’n direkte gevolg. Verantwoordbaarheid is amper sinoniem met verantwoordbaarheid wat vereis dat die wie toesig oor gehou word, die verantwoordelikheid het om terug te rapporteer oor hul aksies en besluite gedurende 'n spesifieke tydperk. Verskillende definisies van toesighouding word deur verskillende parlemente en parlementêre organisasies gebruik.

Die Interparlementêre Unie definieer parlementêre toesighouding as “die hersiening, monitering en toesighouding oor regerings- en openbare agentskappe, wat die implementering van beleid en wetgewing insluit. Die definisie fokus op die doel en aard van die toesighoudingsaktiwiteite, eerder as op die stadiums van prosedure waarop dit gebeur. Dit dek die werk van beide parlementêre komitees en volle sittings, sowel as verhore tydens die parlementêre stadiums van wetsontwerpe en die begrotingsiklus.”

Toesighouding behels die informele en formele, waaksame, strategiese en gestruktureerde bestudering deur wetgewers, insluitend die nasionale parlement, wat die implementering van wette, die goedkeuring en besteding van die begroting, en die streng voldoening aan die statute en die Grondwet betref. Daarby, en baie belangrik, behels dit toesig oor die doeltreffende bestuur van regeringsdepartemente deur individuele lede van die betrokke gesag in die strewe na verbeterde dienslewering vir die bereiking van ’n beter lewensgehalte vir alle mense.

Ingevolge die voorskrifte van die Grondwet moet die parlement en provinsiale wetgewers toesig oor alle staatsorgane, insluitend dié op provinsiale en plaaslike regeringsvlakke volhou.

Verantwoordbaarheid is die kenmerk van ’n moderne demokratiese regering. Demokrasie word net ’n cliché as diegene aan die stuur nie in die openbaar vir hulle optrede of versuim, vir hulle besluite, hulle uitgawes of beleide, aanspreeklik gehou kan word nie. Histories was die begrip van verantwoordbaarheid nou met die finansiële aspek verbind. Dit het egter vêr verby sy ontstaan ontwikkel en het ’n simbool van goeie bestuur, beide in die openbare en privaat sektore, geword. Verantwoordbaarheid verwys na geïnstitusionaliseerde gebruike van verslaggewing oor hoe pligte uitgevoer is.

## ROL EN FUNKSIE VAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

Parlementêre verantwoordbaarheid fokus daarop om te verseker dat regerings- en staatsinstellings hulle verantwoordelikhede nakom en as hulle dit nie doen nie, moet daar meganismes beskikbaar wees om hulle vir hulle optrede of nalating aanspreeklik te hou.

Verantwoordbaarheid berus op vier beginsels, naamlik:

(a) Wie is verantwoordbaar?

(b) Waarvoor is iemand verantwoordbaar?

(c) Tot wie is die persoon verantwoordbaar?

(d) Hoe kan die verantwoordbaarheid afgedwing word?

### Funksies van toesighouding

Die konsep van toesighouding behels baie aspekte wat politiese, administratiewe, finansiële, etiese, wetlike en strategiese elemente insluit. Die funksies van toesig is:

- Om misbruik, arbitrêre optrede of onwettige en ongrondwetlike optrede deur die regering en staatsorgane bloot te lê en te verhoed. Aan die kern van die funksie lê die beskerming van die regte en vryhede van burgers.
- Om die regering verantwoordbaar te hou wat betref hoe belastingbetalers se geld gebruik word. Dit spoor verkwisting binne die masjienerie van die regering en staatsorgane op. Sodoende kan dit die doeltreffendheid, ekonomie en effektiwiteit van regeringsprogramme verbeter.
- Om te verseker dat beleide wat deur die regering aangekondig en deur die parlement goedgekeur is, in werklikheid uitgevoer word. Dié funksie sluit in die monitering van die bereiking van doelwitte wat deur wetgewing en die regering se eie programme gestel word.
- Om die deursigtigheid van regeringsoperasies te verbeter en openbare vertroue in die regering te versterk, wat op sigself ’n doelwit van doeltreffende beleidsuitvoering is.

### Funksies van Verantwoordbaarheid

Die funksies van verantwoordbaarheid sluit die volgende in:

- Om die integriteit van openbare regeringstelsels op te skerp sodat dit beskerm kan word teen korrupsie, nepotisme, misbruik van mag en ander vorms van onvanpaste optrede.
- Om as ’n institutionele reëling demokratiese beheer in te stel.
- Om prestasie te verbeter, wat institusionele begrip en dienslewering sal koester.
- Om deursigtig, reagerend en aanspreeklik te wees sodat openbare vertroue in die regering kan verbeter en die gaping tussen dié wat regeer word en die regering kan vernou, en openbare vertroue in die regering te verseker.
- Om die ubliek in staat te stel om die prestasie van die regering te beoordeel deur in die openbaar verslag te doen.

### Toesighouding en Verantwoordbaarheid in komitees

Die toepaslike meganisme vir wetgewers om toesig oor staatsorgane uit te oefen is deur komitees, wat die volle sittings insluit. In die uitvoering van toesig sal ’n komitee óf ’n inligtingsessie van die staatsorgaan vereis, óf om die staatsorgaan besoek om feite in te samel, afhangende van die doel van die toesig. Die komitees sal moet besluit oor die gepaste manier om die toesig uit te oefen of alle staatsorgane te dek. Van die mees belangrike aspekte van die toesigfunksie is die oorweging deur komitees van departementele begrotings, jaarverslae van staatsorgane en die Ouditeur-generaal se verslae.

As verdere verantwoordingspligtigheid nodig is, kan komitees die mag waarvoor in die Grondwet voorsiening gemaak word om toegang te verkry gebruik, selfs van openbare liggame op provinsiale of plaaslike vlak, sodat die komitee volledige inligting en besonderhede van die openbare funksie waaroor verslag gedoen word, het. Waar 'n komitee die prestasie van 'n staatsorgaan hersien, moet die komitee seker maak dat die funksies van sy ander entiteite, byvoorbeeld filiale van die hoof staatsorgaan, n die verslag ingesluit is. As dit nie in die verslag ingesluit is nie, moet die parlement of die wetgewer kragtens artikel 56(b), 69(b) of 115(b) van die Grondwet van die entiteit vereis om aan hom verslag te doen.

## 2. OPENBARE DEELNAME

Openbare deelname is die proses waardeur die Parlement en provinsiale parlemente met die mense en belangstellende of geaffekteerde individue, organisasies en regeringsentiteite oorleg pleeg voor 'n besluit geneem word. Openbare deelname is tweerigtingkommunikasie en samewerkende meganisme om probleme op te los met die doel om verteenwoordigende, samewerkende en meer aanvaarbare besluite te neem. Ander terme wat soms gebruik word, is "openbare betrokkenheid" "gemeenskapsbetrokkenheid" of "belanghebberbetrokkenheid".

"Belanghebbendes" sluit 'n wye reeks nie-regeringsorganisasies en organisasies sonder winsbejag, gemeenskapsgroepe, liefdadigheidsorganisasies, vakbonde, inheemse groepe, geloofsgroepe, professionele liggame en stigtings in. Dié groepe is teenwoordig in die openbare lewe, met die uitdrukking van die belange en waardes van hulle lede of andere gebaseer op etiese, kulturele, politieke, wetenskaplike of filantropiese oorwegings.

Wetgewende imperatiewe om openbare deelname in te stel word bepaal deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

### Artikel 1: Grondliggende Bepalings

Die Republiek van Suid-Afrika is een, soewereine, demokratiese staat gegrond op die volgende waardes:

a) Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die bevordering van menseregte en -vryhede.
b) Nierassigheid en nieseksisme.
c) Die oppergesag van die Grondwet en regsoewereiniteit.
d) Universele volwasse stemreg, 'n nasionale gewone kieserslys, gereelde verkiesings en 'n veelpartystelsel van demokratiese regering om verantwoordingspligtigheid, reagerendheid en openlikheid te verseker.

### Hoofstuk 6: Provinsiale Parlement

<u>Getuienis of inligting voor provinsiale wetgewers</u>

<u>Artikel 115</u> – 'n Provinsiale wetgewer of enige van sy komitees kan–

a) enige persoon dagvaar om voor hom te verskyn om onder eed of plegtige verklaring getuienis af te lê, of om dokumente voor te lê;
b) van enige persoon of provinsiale instelling vereis om aan hom verslag te doen;
c) ingevolge provinsiale wetgewing of die reëls en orders enige persoon of instelling verplig om aan 'n dagvaarding of vereiste ingevolge paragraaf (a) of (b) te voldoen; en
d) van enige belanghebbende persone of instellings petisies, vertoë of voorleggings ontvang.

Interne reëlings, verrigtinge en prosedures van provinsiale wetgewers

Artikel 116 – (1) 'n Provinsiale wetgewer kan–

(a) sy interne reëlings, verrigtinge en prosedures bepaal en beheer; en

(b) reëls en orders betreffende sy werksaamhede maak, met behoorlike inagneming van verteenwoordigende en deelnemende demokrasie, verantwoordbaarheid, deursigtigheid en publieke betrokkenheid.

Publieke toegang tot en betrokkenheid in provinsiale wetgewers

Artikel 118 – (1) 'n Provinsiale wetgewer moet–

a) publieke betrokkenheid in die wetgewende en ander prosesse van die wetgewer en sy komitees vergemaklik; en

b) sy werksaamhede op 'n oop wyse verrig, en sy sittings en dié van sy komitees in die openbaar hou, maar redelike maatreëls kan getref word om–

(i) publieke toegang, met inbegrip van toegang aan die media, tot die wetgewer en sy komitees te reguleer; en

(Ii) voorsiening te maak vir die deursoeking van en, waar dit gepas is, die weiering van toegang aan of die verwydering van enige persoon.

(2) 'n Provinsiale wetgewer mag nie die publiek, met inbegrip van die media, van 'n sitting van 'n komitee uitsluit nie tensy dit in 'n oop en demokratiese gemeenskap redelik en regverdigbaar is om dit te doen.

## 3. DIE MAAK VAN WETTE

Een van die kernfunksies van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement is die maak van wette vir die Provinsie Wes-Kaap. 'n Voorgestelde wet staan as 'n wetsontwerp bekend en kan ingedien word deur 'n Provinsiale Minister, komitee of Lid van die Provinsiale Parlement. As 'n wetsontwerp eers ingedien is, gaan dit deur verskillende stadiums in die Provinsiale Parlement voordat dit 'n wet word. Elke stadium (wat 'n lesing genoem word) moet goedgekeur word voordat die wetsontwerp kan vorder na die volgende stadium. Vir gewone wetsontwerpe is daar twee stadiums en vir finansiële wetsontwerpe is daar drie stadiums.

Nadat dit ingedien is, word die wetsontwerp die eerste keer gelees en versprei onder alle Lede van die Huis. Die Sekretaris van die Provinsiale Parlement gee die wetsontwerp vir 21 dae in die Provinsiale Koerant uit vir openbare kommentaar. As 'n wetsontwerp dringend is, kan die Premier voorskryf dat die 21-dagpublikasietydperk verminder word. Ná die 21 dae kan die betrokke staande komitee die wetsontwerp oorweeg, met inagneming van die kommentaar wat van die publiek en belangegroepe ontvang is. Die komitee kan ook vra vir openbare verhore om direkte insette van die publiek oor die wetsontwerp te kry.Dit verseker dat die wetsontwerp versigtig oorweeg word en laat toe vir die maksimum insette en deelname deur die publiek. Nadat die wetsontwerp oorweeg is, doen die komitee verslag aan die Huis en beveel aan of die wetsontwerp aanvaar of verwerp moet word, en of die wetsontwerp met wysigings aanvaar moet word.


Die volgende stadium (tweede lesing) hanteer die doelwitte en begnsels van die wetsontwerp. Daar word in die Huis oor die wetsontwerp gedebatteer. Ná die tweede lesing kan die wetsontwerp aan die betrokke komitee hervoorgelê word vir finale wysigings, as die Huis versoek dat dit gedoen moet word. Die Huis kan die wetsontwerp goedkeur deur in 'n stemming oor die wetsontwerp te besluit.

'n Afskrif van die wetsontwerp soos deurgevoer deur die Huis word aan die Premier gestuur vir sy of haar handtekening (toestemming). As die Premier toegestem het tot die Wetsontwerp, word dit 'n wet van die Provinsie.

### Verkiesing van die Premier

Artikel 128 in hoofstuk 6 van die Grondwet van die RSA sit die proses van die verkiesing van 'n Premier uiteen. 'n Provinsiale wetgewer moet onder sy lede 'n man of 'n vrou kies om die Premier van die provinsie te wees. Die verkiesing moet plaasvind tydens die eerste sitting ná sy verkiesing, en wanneer ookal nodig om 'n vakature te vul. 'n Regter aangewys deur die Hoofregter moet toesig hou oor die verkiesing.

# DEURVOER VAN 'N GEWONE WETSONTWERP



## BESPREKINGSVRAE

### TOESIGHOUDING EN VERANTWOORDBAARHEID

1. Hoekom is dit belangrik dat ons verkose verteenwoordigers verantwoordingspligtig moet wees?

___

___

___

2. Hoe hou die Provinsiale Parlement toesig oor die werk van die uitvoerende gesag? (Meganismes.)

___

___

___

3. Wat is 'n staande komitee?

___

___

___

4. Wat is die verskil tussen toesighouding en verantwoordbaarheid?

___

___

___

5. Watter bydrae kan individuele burgers tot 'n verantwoordingspligtige regering maak?

___

___

___

### OPENBARE DEELNAME

1. Op watter maniere kan openbare deelname bydra tot goeie regering?

___

___

___

2. Watter artikel van die Grondwet maak voorsiening vir openbare deelname aan wetgewers?

___

___

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# HOOFSTUK 5

## DIE GRONDWET

## DIE GRONDWET

### AANHEF

*Ons, die mense van Suid-Afrika,*
*Erken die ongeregtighede van ons verlede;*
*Huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het;*
*Respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en*
*Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid.*

*Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet aan as die hoogste reg van die Republiek ten einde –*

*Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;*

*Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word;*

*Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en*

*'n Verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.*

*Mag God ons mense beskerm.*
*Nkosi Sikelel' iAfrika. Morena boloka setjhaba sa heso.*
*God seën Suid-Afrika. God bless South Africa.*
*Mudzimu fhatutshedza Afurika. Hosi katekisa Afrika.*

## AGTERGROND

Die Grondwet van Suid-Afrika is die hoogste wet van die Republiek van Suid-Afrika. Dit verskaf die wetlike grondslag vir die bestaan van die republiek, sit die regte en pligte van die burgers uiteen, en omskryf die struktuur van die regering. Die huidige Grondwet, die land se vyfde, is opgestel deur die Parlement wat in 1994 in die Suid-Afrikaanse algemene verkiesing verkies is Dit is deur President Nelson Mandela op 18 Desember 1996 bekragtig en het op 4 Februarie 1997 in werking getree, ter vervanging van die Tussentydse Grondwet van 1993.

Van 1996 af is die Grondwet deur sewentien wysigingswetsontwerpe gewysig. Die Grondwet staan amptelik bekend as die "Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996". Dit is voorheen ook genommer asof dit 'n wet van die Parlement was – Wet 108 van 1996 – maar van die deurvoer van die Wet op die Verwysing na Konstitusionele Wette af, word nommers nie daaraan toegeken nie en ook nie aan die wette wat dit wysig nie.


# KEN JOU GRONDWET – KEN JOU REGTE

### Hoofstuk 1: Grondliggende Bepalings

Die grondliggende bepalings is die basiese uitgangspunt van die Grondwet. Hoofstuk 1 belig die oppergesag van die Grondwet, die regte en verpligtinge van burgers, en verklarings oor die nasionale lied, die nasionale vlag en tale van ons land.

### Hoofstuk 2: Handves van Regte

Die handves van regte verduidelik die regte van alle burgers, wat die regte van diegene in die land wat nie burgers is nie insluit. Hoofstuk 2 van die Grondwet is die hoeksteen van Suid-Afrika se demokrasie. Dit beskerm en bevestig die demokratiese waardes van menslike waardigheid, gelykheid en vryheid.




### Hoofstuk 3: Regering van Samewerking

Samewerkende regering geld oor al drie sfere, naamilik nasionaal, provinsiaal en plaaslik (munisipaal).

### Hoofstuk 4: Parlement

Die Parlement maak wette en hou toesig oor regeringsoptrede. Die strukture van die Parlement bestaan uit die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies. Hierdie hoofstuk gee verder grondwetlike riglyne vir die nasionale wetgewende of wetmakende proses.

### Hoofstuk 5: Die President en die Nasionale Uitvoerende Gesag

Omskryf die nasionale uitvoerende gesag, die verkiesing en ampstermyn van die President, en die magte van die President. Die President is die staatshoof en hoof van die nasionale uitvoerende gesag, met die verantwoordelikheid om die land te regeer..

### Hoofstuk 6: Provinsies

Die Republiek het nege provinsies: Oos-Kaap, Vrystaat, Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga, Noord-Kaap, Noordwes en die Wes-Kaap. Elkeen het 'n wetgewer en 'n provinsiale uitvoerende gesag. Die magte en strukture van die provinsiale wetgewer, en 'n provinsiale uitvoerende gesag, word in hoofstuk 6 uiteengesit..

### Hoofstuk 7: Plaaslike Regering

Hanteer die struktuur, magte en funksionering van plaaslike regering en munisipaliteite.

### Hoofstuk 8: Howe en Regspleging

Die howe administreer die reg in Suid-Afrika. In hierdie hoofstuk word die aaneenskakeling van gesag van die Konstitusionele Hof, die Appèlhof, hooggeregshowe en landdroshowe uiteengesit, wat die Geregtelike Dienskommissie en die Nasionale Vervolgingsgesag insluit.

### Hoofstuk 9: Staatsinstellings ter Ondersteuning van Grondwetlike Demokrasie

Ses onafhanklike staatsinstellings versterk die grondwetlike demokrasie, naamlik die Openbare Beskermer, die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie, die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe, die Kommissie vir Geslagsgelykheid, die Ouditeur-generaal en die Verkiesingskommssie.

### Hoofstuk 10: Openbare Administrasie

Die openbare administrasiestelsel, en beginsels wat openbare administrasie rig, sluit die bevordering van ’n hoë standaard van professionele etiek, en doeltreffende, ekonomiese en effektiewe gebruik van bronne vir mense wat vir die regering werk in. Die publiek moet aangemoedig word om aan beleidsmaking deel te neem.

### Hoofstuk 11: Veiligheidsdienste

Die veiligheidsdienste bestaan uit die nasionale weermag, die polisie en intelligensiedienste. Die primêre doelwit van nasionale veiligheidsdienste is om die Republiek te verdedig en te beskerm, en om misdaad te voorkom, teen te werk en te ondersoek.

### Hoofstuk 12: Tradisionele Leiers

Tradisionele leiers en gewoontereg word deur die Grondwet erken.

### Hoofstuk 13: Finansies

Hierdie hoofstuk omskryf ’n Nasionale Inkomstefonds, waaruit geld slegs in ooreenstemming met ’n wet van die Parlement toegeken of gebruik kan word. Dit plaas ’n verantwoordelikheid op alle sfere van die regering om openbare fondse op ’n deursigtige en verantwoordbare manier te bestuur. Die Nasionale Tesourie hou toesig oor die begrotingsprosesse en verseker voldoening aan begrotingsprosesse.

### Hoofstuk 14: Algemene Bepalings

Algemene bepalings sit die reëls oor internasionale ooreenkomste en internasionale gewoontereg, onderhandeling en ondertekening van alle internasionale ooreenkomste uiteen.

## BESPREKINGSVRAE

1. Hoe en wanneer is die Grondwet opgestel en aanvaar?

___

___

___

___

2. Wat is menseregte?

___

___

___

___

3. Wat is 'n "basiese opvoeding" soos vervat in artikel 29 van die Handves van Regte

___

___

___

___

4. Die Handves van Regte maak melding van "almal" in verskeie van sy artikels. Wie is almal?

___

___

___

___

5. Wanneer is die beperking van die reg geregverdig kragtens artikel 36 van die Handves van Regte?

___

___

___

___

6. Hoe bevorder en beskerm ons grondwetlike regte in Suid-Afrika?

___

___

___

___

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# HOOFSTUK 6

## STAATSINSTELLINGS WAT GRONDWETLIKE DEMOKRASIE ONDERSTEUN

# STAATSINSTELLINGS WAT GRONDWETLIKE DEMOKRASIE ONDERSTEUN

## HOOFSTUK 9-INSTELLINGS

Die Suid-Afrikaanse Grondwet lê die oppergesag van die Grondwet en die soewereiniteit van die reg vas. Almal in Suid-Afrika, wat die regering insluit, is onderhewe aan en moet aan die Grondwet voldoen. Op dieselfde manier is alle wette aan die Grondwet onderhewig. Die Grondwet bevat ook die Handves van Regte, wat as die hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika beskryf word. Die Grondwet dwing die staat om te “respekteer, beskerm, bevorder, en voldoen aan die regte in die Handves van Regte”.

In die erkenning dat die beskerming en bevordering van menseregte nie in die hande van individue of die regering gelaat kan word nie, skep Hoofstuk 9 van die Grondwet sewe onafhanklike nasionale instellings, onderhewig slegs aan die Grondwet en die wet, wie se taak dit is om ons samelewing te transformeer, en om die fundamentele regte van alle burgers, wat vasgelê is in die Grondwet, te beskerm. Hierdie Hoofstuk 9-instellings, soos hulle dikwels genoem word, is “beskermde meganismes” wat ontwerp is om te verseker dat die regering sy werk behoorlik doen en in ooreenstemming met die Grondwet optree. Die Hoofstuk 9-instellings is onafhanklik van die regering en van hulle word vereis om minstens een keer per jaar aan die Parlement verslag te doen.

### DIE OPENBARE BESKERMER

Die Openbare Beskermer ontvang en ondersoek klagtes van die publiek oor regeringsagentskappe of -amptenare en het die mag om regstellende optrede aan te beveel

Die Openbare Beskermer se dienste is gratis en vir almal beskikbaar, en as jy ’n klag indien, sal jou naam vertroulik gehou word.

Die Openbare Beskermer is onderworpe slegs aan die Grondwet en die wet en is onafhanklik van die regering en enige politieke party. Geen persoon of staatsdepartement mag met die werk van die Openbare Beskermer se kantoor inmeng nie.Tel: 021 423 8644 (streeksnommer)

Tel: 012 366 7000 (hoofkantoor)

Tolvrynommer: 080 011 2040

Website: **www.pprotect.org.za**

### DIE SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie het die taak om te verseker dat die ideale wat in die Grondwet uitgestippel word, deur alle Suid-Afrikaners geniet word.

Hulle doen dit deur::

- Menseregteverbrekings aan te spreek en regstellings vir sulke verbrekings te soek
- Moniteer en beoordeel hoe goed daar aan menseregte in Suid-Afrika voldoen word
- Bewustheid van menseregtekwessies onder die publiek te verhoog
- Die publiek oor menseregte op te voed en op te lei..

Tel: 021 426 2277 (streeksnommer)

Tel: 012 011 877 3600 (hoofkantoor)   Webtuiste: **www.sahrc.org.za**

## DIE KOMMISSIE VIR GESLAGSGELYKHEID

Die Kommissie vir Geslagsgelykheid se rol is om groter gelykheid op alle sfere van die regering te bevorder en aanbevelings oor enige wetgewing wat die status van vroue raak te maak. Die Kommissie moet respek vir geslagsgelykheid en die beskerming, ontwikkeling en bereiking van geslagsgelykheid bevorder. Die Kommissie het ten doel om die samelewing te verander deur "geslagsdiskriminasie in wette, beleide en gebruike bloot te lê". Dit staan ook veranderings in seksistiese houdings en geslagstereotipes voor, en streef daarna om te wys dat vroueregte, fundamentele menseregte is.

Hoewel die Kommissie oor die algemeen optree in die belang van vroue, gee dit besondere aandag aan die mees benadeelde vroue – die wat in plattelandse en semistedelike gebiede woon.

Tel: 021 426 4080 (streeksnommer)
Tel: 011 403 7182 (hoofkantoor) Webtuiste: **www.cge.org.za**

## DIE OUDITEUR-GENERAAL

Die Ouditeur-generaal is vir die ouditering en verslagdoening oor die rekeninge, finansiële state en finansiële bestuur van alle nasionale en provinsiale staatsdepartemente en administrasies, alle munisipaliteite en enige ander instelling of rekenpligtige entiteit soos vereis deur nasionale of provinsiale wetgewing om geoudit te word deur die Ouditeur-generaal verantwoordelik.

Die Ouditeur-generaal mag ook oudit en verslag doen oor die rekeninge, finansiële state en finansiële bestuur van enige instelling wat uit die Nasionale Inkomstefonds befonds word of 'n Provinsiale Inkomstefonds of deur 'n munisipaliteit, of enige instelling wat geoorloof is kragtens enige wet om geld vir 'n openbare doel te ontvang.

Tel: 021 528 4100 (streeksnommer)
Tel: 012 426 8000 (hoofkantoor) Webtuiste: **www.agsa.co.za**

## KOMMISSIE VIR DIE BEVORDERING EN BESKERMING VAN DIE REGTE VAN KULTUUR-, GODSDIENS- EN TAALGEMEENSKAPPE

Die funksies van die Kommissie is om:

- Respek te bevorder vir en die beskerming uit te brei van die regte van kulturele, godsdienstige en taalgroepe;
- Vrede, vriendskap, menslikheid, verdraagsaamheid en nasionale eenheid onder en binne kulturele, godsdienstige en taalgroepe op die grondslag van gelykheid, niediskriminasie en vrye assosiasie te bevorder;
- Bevorder die regte van gemeenskappe om hulle histories beperkte erfenis te ontwikkel

Tel: 011 537 7600 (streeksnommer)
Tel: 011 358 9100 (hoofkantoor)
Webtuiste: **www.crlcommission.org.za**

## INDEPENDENT ELECTORAL COMMISSION (IEC)

The Independent Electoral Commission is responsible for managing the elections of national, provincial and municipal legislative bodies in accordance with national legislation and ensuring that those elections are free and fair. It must also declare the results of those elections within the period prescribed by national legislation.

Although publicly funded and accountable to Parliament, the IEC is independent of the government.

Section 5 of the Electoral Commission Act, 1996 requires that the IEC: Ÿ
Compile and maintain a register of parties;

- Undertake and promote research into electoral matters;
- Promote voter education;
- Appoint appropriate public administrations in any sphere of government to conduct elections when necessary;
- Continuously review electoral laws and proposed electoral laws, and make recommendations.

Tel: 021 910 5700 (Regional)
Tel: 012 622 5700 (Head Office) Website: **www.elections.org.za**

## INDEPENDENT COMMUNICATIONS AUTHORITY OF SOUTH AFRICA (ICASA)

(A further institution recognised to promote democracy)
ICASA is an independent authority whose task it is to regulate broadcasting in the public interest, and to ensure fairness and a diversity of views broadly representing South African society.

The Authority also issues licenses to telecommunications and broadcasting service providers, enforces compliance with rules and regulations, protects consumers from unfair business practices and poor quality services, hears and decides on disputes and complaints brought against licensees and controls and manages the effective use of radio frequency spectrum.

Tel: 021 431 9800(Regional)
Tel: 011 566 3000/3001 (Head Office) Website: **www.icasa.org.za**

## BESPREKINGSVRAAG

Hoofstuk 9-instellings is onafhanklik en net aan die Grondwet en die wet onderhewig. Hoekom is dit belangrik dat hulle onpartydig is en hulle magte uitoefen en hulle funksies sonder vrees, gunste of vooroordeling uitvoer?

## NOTAS

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# HOOFSTUK 7

## DIE BEGROTINGSPROSES

# DIE BEGROTINGSPROSES

## Wat is die begroting?

'n Begroting is die regering se skriftelike jaarlikse finanisële plan. Die begroting kondig alle geprojekteerde uitgawes en inkomste vir 'n spesifieke tydperk aan. Baie besluite is betrokke en baie vrae behoort tydens die begrotingsproses gevra en beantwoord te word. Een van die vrae wat gevra behoort te word, gaan oor die beskikbaarheid van bronne en die behoefte aan bykomende bronne.

## Hoe word geld in die regering bestee?

Die Wes-Kaap het 'n provinsiale wetgewer en 13 staatsdepartemente. 'n Deel van die begroting moet aan elkeen van dié departemente toegedeel word. Hierdie toekenning van fondse word gereël deur die regering se sleutelprioriteite soos in die Premier se provinsiale rede uiteengesit. Die Wes-Kaapse Regering se sleutelprioriteitsbestedingsgebiede sluit Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid, Gemeenskapsveiligheid en Onderwys in.

## Kenmerke van 'n goeie begroting

| | |
|---|---|
| **Deelname:** | Betrek soveel moontlik mense |
| **Omvattendheid:** | Sluit die hele organisasie in |
| **Standaarde:** | Baseer dit op gevestigde standaarde van prestasie. |
| **Aanpasbaarheid:** | Laat toe vir veranderende omstandighede |
| **Terugvoering:** | Konstante monitering van prestasie |

## Die jaarlikse begrotingsiklus

Vier fases kan uitgeken word in die jaarlikse begrotingsiklus..


| | |
|---|---|
| **OPSTEL:** | Die Ministerie van Finansies en die Provinsiale Tesourie reik riglyne aan uitgawedepartement of agentskappe uit.<br>Uitgawedepartemente lê konsepbegrotings voor.<br>Onderhandeling en finale besluit deur die uitvoerende gesag |
| **WETGEWEND:** | Begroting in Maart in wetgewer ter tafel gelê.<br>Oorweging deur parlementêre komitee(s).<br>Parlement aanvaar, wysig of verwerp begroting. |
| **IMPLEMENTERING:** | Fondse toegeken aan uitgawedepartemente om werksaamhede te behartig.<br>Ministerie van Finansies moniteer uitgawes.<br>Versoek vir wetgewende goedkeuring van gewysigde begroting indien nodig |
| **OUDIT:** | Opperouditinstelling beoordeel departementele rekeninge en prestasie.<br>Ouditverslae uitgegee en deur Parlement hersien. |

# DIE BEGROTINGSPROSES

## Hoe kan die publiek betrokke raak?

Een van die kerndoelwitte van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement is om openbare deelname en betrokkenheid by sy prosesse en bedrywighede moontlik te maak. Die publiek word daarom toegelaat om komiteevergaderings en debatte in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement by te woon. Die publiek kan ook die begrotingstoespraak en - voorleggings bywoon, sowel as die Jaarverslae met betrekking tot dienslewering.

Die Openbare Opvoeding en Uitreikingsafdeling van die WKPP lig burgers in oor hoe hulle betrokke kan raak en insae kan he op die wette en prosesse wat 'n direkte invloed op hul daaglikse lewens het. Die Afdeling: Openbare Opvoeding en Uitreiking fasiliteer opvoedkundige werkwinkels en bedrywighede regoor die provinsie.



## BESPREKINGSVRAE

1. Hoekom is regeringsbegrotings belangrik?

2. Hoekom berei die regering elke jaar 'n nuwe begroting voor?

3. Watter meganismes is daar om te verseker dat fondse behoorlik toegedeel en spandeer word?

## NOTAS

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# HOOFSTUK 8

## JAARLIKSE VERSLAGPROSES

# WAT IS DEPARTEMENTELE JAARVERSLAE?

Jaarverslae is die sleutelinstrumente vir regeringsdepartemente om verslag te doen oor prestasieteikens en die begrotings wat in hul strategiese beplannings omskryf is. Daar word vereis dat Jaarversale inligting oor dienslewering, finansiële state en die oudit verslag insluit.

Die strategiese plan en begroting van 'n department word beskou as dokumente wat vorentoe kyk. Hierdie dokumente sit uiteen wat departemente beplan om te doen en hoe fondse in die komende finansiële jaar aangewend sal word. Jaarverslae word gesien as dokumente wat terugkyk, omdat hulle aan die einde van 'n finansiële jaar verslag doen oor prestasie.

## Hoekom lê provinsiale departmente jaarverslae aan die Provinsiale Parlement voor?

Om die Provinsiale Parlement se toesighouding oor die provinsiale regering te vergemaklik vereis artikel 133(3)(b) van die Grondwet die volgende: "Lede van die Uitvoerende Raad van 'n provinsie moet die wetgewer voorsien van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hulle beheer". Voor 2000 was daar geen toesig oor nie-finansiële diensleweringsprestasie nie en departmente het net hulle finansiële state en outditverslae voorgelê.
Kragtens artikel 65 van die WBOF moet die Provinsiale Minister verantwoordelik vir die department of openbare entiteit jaarliks die jaarverslag in die Provinsiale Wetgewer binne een maand nadat die Boekhoudingsamptenaar of Boekhoudingsgesag van die departement of openbare entiteit die ouditverslag ontvang het, voorlê. 'n Provinsiale Minister wat nie 'n jaarverslag voorlê binne ses maande ná die einde van die finansiële jaar nie, moet 'n skriftelike verduideliking by die Provinsiale Wetgewer wat die redes uiteensit hoekom die verslag nie ter tafel gelê is nie, indien.

## Rol van die Ouditeur-generaal

Die Ouditeur-generaal is 'n staatsinstelling ingestel deur Hoofstuk 9 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Die Ouditeur-generaal is onafhanklik en net onderworpe aan die Grondwet en verantwoordbaar aan die Nasionale Vergadering. Artikel 188 van die Grondwet bepaal dat die Ouditeur-generaal die rekeninge, finansiële verslae en finansiële bestuur moet oudit en oor verslag moet doen van alle nasionale en provinsiale departmente, munisipaliteite en enige ander instelling soos vereis deur nasionale of provinsiale wetgewing. Die Ouditeur-generaal lê dan die ouditverslae aan die Provinsiale Parlement voor.

## Rol van die staande komitees en Komitee oor Openbare Rekeninge

Die Komitee oor Openbare Rekeninge speel 'n leidende rol in die tertafellegging van jaarverslae. Die staande komitees moet egter die werk van die Komitee Openbare Rekeninge steun en moet komplementêre rolle hê. Staande komitees is ideaal saamgestel om toesig te hou oor die dienslewering en prestasie van die onderskeie departemente en openbare entiteite wat binne dieselfde portefeulje val. Die staande komitees speel 'n belangrike rol om staatsdepartemente verantwoordbaar of aanspreeklik te hou en om seker te maak dat hulle voldoen het aan die diensleweringsbeloftes wat in hulle strategiese planne en begrotings gemaak is.

## Die rol van die publiek

Die publiek mag openbare verhore oor jaarverslae as deel van die toesighoudingsproses bywoon. Die primêre doel van die openbare verhore is om nog inligting van die Provinsiale Minister, boekhoudingsbeampte en amptenare te verkry. Dit is ook 'n geleentheid vir die staande komitee om insette van gemeenskapsbelanghebbers en kenners oor die onderwerp te kry.

# WAT IS DEPARTEMENTELE JAARVERSLAE?

Staande komitees kan die volgende strategieë gebruik om die maksimale deelname aan die proses te verseker:

- Staande komitees kan vereis dat alle deelnemers hulle by kommentaar oor die inligting bevat in die jaarverslag onder bespreking hou.
- Staande komitees kan op die debat fokus deur deelnemers te vra om spesifieke kwessies wat verband hou met die bedrywighede van die entiteit onder bespreking of opgehaal word in die jaarverslag te opper.
- Staande komitees kan spesifieke organisies, instellings of kenners van die onderwerp nader om aan die openbare verhore deel te neem.
- Staande komitees kan ʼn aanvanklike stel kwessies bekendstel wat deur sy eie navorsing uitgewys is en die publiek vra om nog insette oor die kwessies te gee.

## Jaarverslagtydperk by die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement

Die jaarverslae van alle departemente en entiteite word in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement voorgelê teen 30 September elke jaar

↓

Die Begrotingskomitee vergader met die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika oor die ouditkomste van die departemente en entiteite wat die jaarverslae betref.

↓

**Komitee oor Openbare Rekeninge**
Die Speaker verwys die individuele departementele en entiteitsverslae na die Komitee oor Openbare Rekeninge (KOR)

**Onderskeie staande komitees**
Die Speaker verwys die individuele departementele en entiteite jaarverslae na die onderskeie staande komitees

↓

Vergaderings word gereël tussen die staande komitees en die departemente en entiteite wat toesig moet uitoefen oor hulle onderskeie jaarverslae. Vergaderings word elke jaar tussen Oktober en November gehou.

↓

Werkswinkels word gehou deur die Afdeling: Openbare Opvoeding en Uitreiking om belanghebbendes te help met die lees en begryp van jaarverslae.

↓

Die onderskeie staande komitees en die KOR hou vergaderings met die departemente en entiteite oor die inhoud van hulle jaarverslae.

↓

ʼn Verslag word opgestel, gebaseer op die besluite, aanbevelings en versoekom inligting van die betrokke staande komitees wanneer hulle in gesprek tree met hulle departemente of entiteite.

↓

Die verslae word aangeneem deur die onderskeie staande komitees en in die Huis bespreek. Wanneer afgehandel, word die verslae deur die instelling (WKPP) aanvaar.

↓

Die verslae word gestuur na die onderskeie ministeries en departemente en entiteite vir opvolg en terugvoering na die staande komitees vir verdere toesig.

## BESPREKINGSVRAE

1. Hoekom is dit belangrik dat staatsdepartemente en -entiteite hul jaarverslae voorlê?

2. Watter inligting word in die jaarverslag ingesluit?

3. Wat is na jou mening die belangrikste deel van 'n jaarverslag?

# NOTAS

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# HOOFSTUK 9

## PETISIES

## WAT IS ’N PETISIE?

’n Petisie is ’n klagte, versoek, verteenwoordiging of vertoë deur die opsteller van ’n petisie aan die Petisiekomitee en kan die vorm aanneem van:

a) ’n Enkele petisie, wat ’n individuele voorlegging is van ’n enkele petisionaris oor ’n besondere klagte of versoek;
b) ’n Kollektiewe petisie, wat ’n versameling is van handtekeninge van ’n aantal petisionarisse van die petisie oor ’n besondere klagte of versoek;
c) ’n Groepspetisie, wat bestaan uit indiviudele of groepsvoorleggings van ’n aantal opstellers van petisies oor dieselfde of baie dieselfde klagte of versoek; of
d) ’n Petisie van ’n vereniging, wat ’n individuele of groepsvoorlegging is van ’n organisasie of ’n individu wat ’n mandaat het van ’n vereniging oor ’n besondere klagte of versoek..

### Tipes petisies

Daar is oor die algemeen twee tipes petisies, naamlik spesiale petisies en openbare of algemene petisies. ’n Spesiale petisie is wanneer ’n individu ’n spesifieke versoek rig vir persoonlike verligting van die staat wat nie deur ’n wet goedgekeur is nie, soos toegang tot ’n pensioen. ’n Openbare petisie is wanneer ’n groep burgers met soortgelyke belange algemene verligting of regstelling van ’n grief vra.

### Formele vereistes van petisies

(1) ’n Petisie moet:

a) in die vorm wees wat voorgeskryf is deur regulasies;
b) in een van die amptelike tale van die provinsie;
c) onderteken deur elke opsteller van die petisie, of sou dit gevra word en goedgekeur word deur die opsteller van die petisie, deur ’n ander persoon namens die opsteller; en
d) ingedien word by die Sekretaris.

(2) ’n Petisie moet uitspel:

a) die name en adres van elke petisionaris;
b) in wie se belang die petisionaris optree; en
c) watter maniere, indien enige, die petisionaris gevolg het om die saak te probeer oplos.

### Prosedure vir die indien van ’n petisie

1) ’n Petisionaris moet die vorm in Aanhegsel A volledig voltooi as voorvereiste vir die indien van sy of haar petisie.
2) ’n Petisie moet ingedien word deur:
    a. geregistreerde pos;
    a. die aflewering daarvan by die Provinsiale Parlement in die aangewese houer;
    a. ge-e-pos word na die aangewese e-posadres; of
    a. deur die invul van die betrokke kolom op die webtuiste van die WKPP..
3) Die vorm by Aanhegsel A, wat ingevul moet word deur die petisionaris, soos uiteengesit in subregulasie (1), moet onderteken word deur die petisionaris of deur enige ander persoon wat die opdrag het om namens die petisionaris op te tree.

**LET WEL:** Petisionarisse moet seker maak dat alle moontlike maniere ondersoek is om die klagte op te los voor petisies aan die Provinsiale Wetgewer voorgelê word.

## PETISIESGEVALLESTUDIE

Die fasiliteerder sal 'n gevallestudie wat as 'n groepswerkaktiwiteit bespreek sal word voorlê.

## NOTAS

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# HOOFSTUK 10

## VOORLEGGINGS

# WAT IS 'N VOORLEGGING?

Voorleggings is mondelinge of skriftelike opmerkings deur 'n persoon of organisasie oor 'n voorgestelde nuwe wet of beleid waaroor kommer bestaan of aanbevelings met die doel om dit te verbeter gevra is..

## Hoe word voorleggings gemaak?

'n Voorlegging kan aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement gemaak word oor enige saak oor die algemeen of oor 'n spesifieke saak waarvoor voorleggings gevra is. Voorleggings behoort skriftelik gemaak te word of as aanduiding van die voorneme om 'n mondelingse voorlegging te maak. Dit word dan verwys na 'n komitee vir oorweging, wat ook besluit of mondelingse getuienis oor die saak aangehoor behoort te word.

## Wat is die inhoud van 'n voorlegging?

'n Voorlegging behoort die volgende inligting te bevat:

1) 'n Definisie van die belangrikste kwessie.
2) Feite wat met die wetgewing verband hou: Hoe stem die kwessie met huidige wetgewing ooreen?
3) Agtergrond oor die probleem. Uiteensetting van feite oor die hoofkwessie. Bewyse wat die voorlegging steun.
4) 'n Voorstel oor hoe om die probleem te hanteer.
5) Finale besluite of verwagte uitkomste.

### Voorleggings kan gestuur word aan:



**Skriftelik** aan die volgende adres:
Die Sekretaris
Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Posbus 648
Kaapstad 8000



**Per hand afgelewer:**
Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Ontvangs
Waalstraat 7
Kaapstad 8001

## AKTIWITEIT

Oorweeg 'n situasie in die werklike lewe in jou gemeenskap en berei 'n voorlegging voor. Daar sal van jou verwag word om te verwys na die Grondwet van SA, huidige wetgewing en uitgespelde feite om jou argument te steun.

# WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT

# BYKOMENDE BRONNE

## WOORDELYS

### A

**Adjunkspeaker** - 'n Lid van die Provinsiale Parlement wat verkies is om die Speaker by te staan en as Speaker op te tree wanneer die Speaker afwesig is..
**Ampstaf** - 'n Ryklik versierde staf wat die gesag van die Provinsiale Parlement en die Speaker verteenwoordig. Aan die begin van die dag se verrigtinge word die ampstaf in die Raadsaal ingedra deur die Ampswag wat dit op 'n rakkie voor die Speaker se stoel plaas.

### B

**Begroting** - Die provinsiale regering se jaarlikse begrotingswetsontwerp en beramings van uitgawes om aan sy fiskale, ekonomiese en maatskaplike beleid uitvoering te gee. Dit word een keer per jaar in die Provinsiale Parlement voorgelê.

**Begrotingspos** - 'n Individuele item in die provinsiale begroting, wat die hoeveelheid geld aandui wat deur die provinsiale regering vir elke departement aangevra word.

**Begrotingswysigingswetsontwerp** - 'n Wetsontwerp wat toestemming gee om geld te bestee of uitgawes aan te gaan vir die vereistes van die staat.

### D

**Debat** - 'n Formele bespreking deur Lede van die Provinsiale Parlement waartydens verskillende partye 'n geleentheid kry om hulle menings oor enige saak voor die Huis te gee.

### G

**Galery (openbare)** - 'n Spesifieke gebied in die Raadsaal waarvandaan lede van die publiek en besoekers die gebeure in die Huis kan dophou.

**Grondwet** - Die opperwet waardeur die land regeer word.

### H

**Hansard** - Die amptelike, substansiële woordelikse (verbatim) rekord van die debatte in die Parlement.

**Huis** - Die WKPP-raadsaal.

**Huisvoorsitters** - Lede wat gekies is om die voorsittende beamptes van die Huis by te staan met hul voorsittende pligte en ander funksies wat verband hou met die bestuur van die instelling..

**Hoofsweep** - 'n Lid van 'n politieke party wat verantwoordelik is vir die organisering van die party se deelname aan die Provinsiale Parlement. Gesamentlik word daar soms na die swepe verwys as "die swepery".

# WOORDELYS

## I

**Inleiding (tot 'n wetsontwerp)** - Om voor te lê aan of formeel 'n wetsontwerp by die Huis in te dien vir oorweging.

**Interpellasie** - 'n Interpellasie is 'n minidebat van 15 minute oor 'n onderwerp waarvan in die Vraelys kennis gegee word..

## K

**Kiesafdeling** - 'n Geografiese gebied aan 'n Lid van die Provinsiale Parlement deur sy of haar party toegeken.

**Kiesers** - Alle burgers van die land wat wetlik die reg het om te stem.

**Klousule** - 'n Individuele genommerde bepaling in, of deel van, 'n wetsontwerp. As 'n wetsontwerp eers 'n wet word, word die klousules daarna artikels genoem.

**Koalisieregering** - 'n Alliansie of vereniging tussen twee of meer partye met die doel om die land te regeer, gewoonlik wanneer een party nie 'n volstrekte meerderheid van die stemme in 'n verkiesing verkry nie.

**Konstitusionele Hof** - Die hoogste hof van die land, wat net sake wat verband hou met die Grondwet hanteer. Alle wette kan onder die loep geplaas word in die Konstitusionele Hof om seker te maak dat dit nie met die Grondwet bots nie.

**Koukus** - Alle lede van die Provinsiale Parlement wat aan 'n spesifieke politieke party behoort. Partykoukusse vergader privaat, gewoonlik weekliks.

## L

**Leier van die Opposisie** - Die leier van die grootste opposisieparty in die Provinsiale Parlement.

**Lid van die Provinsiale Parlement** - 'n Persoon wat verkies is tot die WKPP.

## M

**Meerderheidsparty of regerende party** - Die politieke party wat die provinsiale regering vorm omdat meer van sy lede deur mense verkies is tot die Provinsiale Parlement as enige ander politieke party.

## R

**Raadsaal** - Die saal waarin Lede van die Provinsiale Parlement vergader tydens 'n formele sitting van die Huis.

**Regbank** - Die tak van die regering wat, deur die howe, vir die administrasie van die geregtigheid verantwoordelik is.

## WOORDELYS

### T

**Takke van regering** - Verwys na die uitvoerende gesag, regsgesag en wetgewer op nasionale vlak.

### U

**Uitvoerende gesag** - Die President van die Republiek en ander lede van die Kabinet. Die uitvoerende gesag is die tak van die regering wat verantwoordelik is vir die formulering en uitvoering van beleid.

### V

**Verkiesing** - Die proses waardeur die burgers van die land hul Lede van die Parlement kies deur te stem. In Suid-Afrika moet parlementêre verkiesings minstens elke vyf jaar gehou word.

**Vloer van die Huis** - Die deel van die Raadsaal wat vir Lede van die Provinsiale Parlement opsy gesit word. Dit kan ook na die sentrale oop ruimte in die Raadsaal verwys.

### W

**Wet** - ’n Wet gemaak deur die Provinsiale Parlement, dit is wetgewing deurgevoer deur die Provinsiale Parlement, goedgekeur en onderteken deur die Premier en gepubliseer in die *Provinsiale Koerant*.

**Wetgewende proses** - Die stappe wat gevolg word in die Provinsiale Parlement wat op die maak van ’n wet uitloop.

**Wetgewer** - ’n Wetgewende liggaam van verkose verteenwoordigers. Die tak van die regering met die mag om wette te maak en te verander.

**Wetgewing** - ’n Algemene term vir wette, verordeninge of wette.

**Wetsontwerp** - ’n Konsepwet van die Provinsiale Parlement of ’n voorstel vir ’n nuwe wet wat by die Provinsiale Parlement ingedien is.

**Wysigingswetsontwerp** - ’n Wetsontwerp wat voorgestel word om ’n verandering aan te bring aan ’n sekere bepaling of bepalings in ’n bestaande wet.

### Association of European Parliamentarians with Africa (AWEPA)
Die Association of European Parlementarians with Africa (AWEPA) werk in vennootskap met Afrika-parlemente om demokrasie in Afrika te versterk.

### Centre for Justice and Crime Prevention
http://www.cjcp.org.za/
Werk om bewysgebaseerde misdaadvoorkomingspraktyke te ontwikkel, mense daaroor in te lig en dit te bevorder in Suid-Afrika, en waar dit tot voordeel sal strek, in ander ontwikkelende lande.

### Centre for the Study of Violence and Reconciliation
http://www.csvr.org.za/
ʼn Multidissiplinêre instituut betrokke by navorsing, beleidsformulering, gemeenskapsingrepe, dienslewering, opvoeding en opleiding, sowel as die verskaf van konsultantdienste. Die primêre doelwit van CSVR is om sy kennis te gebruik om versoening, demokrasie en ʼn menseregtekultuur te bou en om geweld in Suid-Afrika en in ander lande in Afrika teen te werk.

### Children's Institute (UCT)
http://www.ci.org.za
Fokus op sleuteluitdagings tot die welstand van Suid-Afrika se kinders: armoede, ongelykheid, MIV en Vigs , hoë baba- en kindmortaliteit en -morbiditeit, geweld en uitbuiting. Publikasies sluit in *South African Child Gauge, Children count*.

### Stad Kaapstad
http://www.capetown.gov.za
Toegang tot verordeninge, beleide en verslae.

### Civics Academy
http://www.civicsacademy.co.za/
Civics Academy is ʼn onafhanklike, aanlyn onderwysinisiatief sonder winsbejag in Suid-Afrika. Ons bied gratis video- en oudio-inhoud wat daarop gemik is om demokratiese waardes en verantwoordelike burgerskap in te lig en te versterk. Daarvoor dek Civics Academy-opleidingsinhoud wat verband hou met demokrasie, regering, verkiesings, politieke partye, die regstelsel, die Grondwet, ekonomie, burgerlike samelewing, menseregte en die omgewing..

### Statebond- Parlementêre Vereniging
http://www.cpahq.org/cpahq/
Sluit opgawe van lede met kontakbesonderhede van verskeie ampsdraers, sowel as dokumente oor onderwerpe wat relevant is vir wetgewers in.

### Creamer Media
http://www.polity.org.za
Webtuiste in privaat besit; inligting oor beleid, die wet, ekonomie en politiek.

### Democracy Works
https://democracyworks.org.za/
Die Democracy Works-stigting ontleed die gesondheid van die demokrasie en implementeer vernuwende ingrepe en tegnologie om inklusiewe ontwikkeling aan te moedig deur die verdieping van die demokratiese kultuur en kapasiteit terwyl die volhoubaarheid en onafhanklikheid van sy operasies verseker word.

## BYKOMENDE LEESWERK

**Development Policy Research Unit (UCT)**
http://www.dpru.uct.ac.za
Die DPRU is van 1990 af, aktief betrokke by beleidsrelevante navorsing en het homself as een van Suid-Afrika se voorste navorsingsinstitute op die gebied van arbeidsmarkte, armoede en ongelykheid gevestig.

**Econ3x3**
http://www.econ3x3.org/
Toeganklike beleidsrelevante navorsing en kennerkommentaar oor werkloosheid, inkomsteverspreiding en inklusiewe groei in Suid-Afrika.

**Education Resources Information Center (ERIC)**
http://eric.ed.gov/
Aanlyn digitale biblioteek van opleidingnavorsing en -inligting. ERIC word deur die Instituut van Onderwyswetenskappe van die Verenigde State se Departement van Onderwys geborg. ERIC se doelwit is om 'n volledige, maklik-om-te-gebruik-, soekbare, internetgebaseerde bibliografie en volteksdatabasis van onderwysnavorsing en -inligting vir opvoeders, navorsers en die algemene publiek te verskaf. Sluit die *South African Journal of Higher Education* in.

**WNNR-pers**
http://www.hsrcpress.ac.za/
Die eksterne publikasietak van die WNNR is die grootste toegewyde navorsingsinstituut in die maatskaplike wetenskappe en geesteswetenskappe op die Afrika-vasteland.

**Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN)**
http://www.hsrc.ac.za
Die kernbesigheid van die RGN is om omvangryke, beleidsrelevante, maatskaplik-wetenskaplike projekte vir openbaresektorgebruikers, nieregeringsorganisasies en internasionale ontwikkelingsagentskappe te pak.

**Institute for Poverty, Land and Agrarian Studies (PLAAS)**
http://www.plaas.org.za/
PLAAS doen navorsing, beleidskakeling, onderwys en opleiding oor die dinamiek van kroniese armoede en strukturele ongelykheid in Suider-Afrika, met besondere klem op die sleutelrol van herstrukturering en teenstand teen grondbesit en agrivoedselstelsels op die subkontinent en verde.

**Interparlementêre Unie**
http://www.ipu.org
Die internasionale organisasies van parlemente is in 1889gestig. Dit het handige bronne, soos boeke, verslae, peilings en tydskrifte, wat afgelaai kan word of gratis van die hoofkantoor in Genève bestel kan word..

**Isandla-instituut**
http://www.isandla.org.za
Die instituut se doelwit is om op te tree as 'n openbarebelangdinkskrum wat primêr op die kweek van regverdige, gelykwaardige en demokratiese stedelike nedersettings gefokus is.

**Regsektorsteun**
http://www.sals.gov.za/
Die spesifieke mikpunt van die Wetgewende Sektor- medewerkende tak van die staat deur koöperatiewe regering om dienslewering en verantwoordingspligtigheid aan die mense van Suid-Afrika te verseker.

## BYKOMENDE LEESWERK

**Mapungubwe Institute for Strategic Reflection**
http://www.mistra.org.za
Onafhanklike navorsingsinstituut, gefokus op Suid-Afrika se strategiese uitdagings.

**Parlement van die Republiek van Suid-Afrika**
https://www.parliament.gov.za/

**Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging**
http://www.salga.org.za/
Kontakbesonderhede vir munisipaliteite, riglyne vir munisipaliteite, inligting wat verband hou met plaaslike regeringsowerhede.

**Suider-Afrika Regsinligtinginstituut**
http://www.saflii.org/
Gee regsinligting vir gratis openbare toegang wat hoofsaaklik sakereg en wetgewing van Suid-Afrika insluit. SAFLII bied ook regsmateriaal van ander lande in die streek wat verkry word deur vennootskappe, samewerkende pogings en, meer onlangs, deur verbinding met ander regsinligtingsinstitute wat in die streke gestig is.

**Southern African NGO Network (SANGONeT)**
http://www.ngopulse.org/
Gestig in 1987, het SANGONeT oor die afgelope 26 jaar ontwikkel in ʼn dinamiese burgerlike samelewingsorganisasie met ʼn geskiedenis wat nou verbind is aan die maatskaplike en politieke veranderings wat deur Suid-Afrika tydens sy oorgang na demokrasie ondervind is.

**Statistieke Suid-Afrika**
http://www.statssa.gov.za
Gee die arbeidsmagoorsig en algemene huishoudingoorsig en ander statistiek uit..

**Verenigde Nasies se Kinderfonds**
http://www.unicef.org/
Verskaf langtermyn- humanitêre en ontwikkelingsbystand aan kinders en moeders in ontwikkelende lande.

**Verenigde Nasies se Entiteit vir Geslagsgelykheid en die Bemagtiging van Vroue**
http://www.unwomen.org/

**Vroueregsentrum**
http://www.wlce.co.za
Sonder winsbejag, onafhanklik befondsde regsentrum wat gelykheid vir vroue in Suid-Afrika probeer vaslê.

**Wes-Kaapse Provinsiale Regering**
http://www.westerncape.gov.za
Wye reeks dokumente, boeke, inligting; ook vrye toegang tot die *Provinsiale Koerant*.

P.N. 232/2010
31 Mei 2010

**WES-KAAPSE WET OP PETISIES, 2006**

**WET NR. 3 VAN 2006**

**REGULASIES KRAGTENS WET NR 3 VAN 2006**

Ek, Shahid Esau, Speaker van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, wat optree kragtens artikel 8 van die Wes-Kaapse Wet op Petisies, 2006 (Wet Nr. 3 van 2006), maak die regulasies soos uiteengesit in die Skedule tot die kennisgewing.

**SKEDULE**

**Definisies**

1. In hierdie regulasies, behalwe as die konteks anders aandui, het ŉ woord of ŉ uitdrukking waaraan ŉ betekenis toegeken is in die Wet die betekenis wat so toegeken is, en—

**"petisie"** beteken 'n klagte, versoek, voorstel of voorlegging wat deur die petisionaris gerig word aan die Komitee, en kan die vorm aanneem van—
(a) ŉ enkele petisie, wat ŉ individuele voorlegging van ŉ enkele persoon is oor ŉ besondere klagte of versoek;
(b) ŉ gesamentlike petisie, wat ŉ versameling handtekeninge is van ŉ aantal petisionarisse oor ŉ besondere klagte of versoek;
(c) ŉ groeppetisie, wat opgestel is deur ŉ individu of ŉ groep voorleggings van ŉ aantal petisionarisse oor dieselfde of wesenlik soortgelyke klagte of versoek; of
(d) ŉ verenigingpetisie, wat ŉ individu of groepvoorlegging van ŉ vereniging of ŉ individu is wat opdrag gekry het van ŉ vereniging, oor ŉ besondere klagte of versoek;

**"petisielêer"** beteken die lêer wat oorweeg is kragtens regulasie 8 van hierdie regulasies;

**"die Wet"** beteken die Wes-Kaapse Wet op Petisies, 2006 (Wet Nr. 3 van 2006), waarkragtens hierdie regulasies gepromulgeer is.

**Toepassing van regulasies**

2. Hierdie regulasies is van toepassing op enige petisie kragtens die Wet ingedien.

**Verantwoordelikhede van die Komitee**

(1.) Die Komitee moet—

(a) redelike stappe doen om die inwoners van die Provinsie in te lig oor hulle regte kragtens die Wet;

(b) redelike stappe doen om die inwoners van die Provinsie in te lig oor die fisiese adres, faksnommer, e-pos of posadres waar die petisie ingedien kan word;

(c) verseker dat persone of kategorië van persone wat voorheen benadeel is deur onregverdige diskriminasie volle deelname geniet aan die proses van regering; en

(d) die maksimum aanspreeklikheid en deursigtigheid uitoefen in die oorweging van petisies.

(2) Die Komitee kan—

(a) ŉ dispuut oplos deur middel van mediasie of onderhandeling, waar toepaslik, of wanneer hulle deur die petisionaris gevra word om dit te doen; en

Waar toepaslik, ŉ klag indien by die Openbare Beskermer kragtens die Wet op die Openbare Beskermer, 1994. Wet Nr 23 van 1994), as die optrede van ŉ persoon of liggaam teen wie ŉ petisie ingedien is, onaanvaarbaar is.

**Regte en verpligtinge van ’n petisionaris**

(1.) ’n Petisionaris het die reg om—

(a) ’n petisie in te dien kragtens Aanhangsel A tot hierdie regulasies; (b) ’n petisie terug te trek uit vrye wil;

(c) ’n petisie in te dien in enige van die amptelike tale van die Provinsie;

(d) Sy of haar petisie elektronies voor te lê deur middel van ’n e-pos of deur die webblad van die Provinsiale Parlement;

(e) Bygestaan word met die indien van ’n petisie deur die administratiewe personeel van die Provinsiale Parlement;

(f) Sy of haar petisie laat oorweeg deur die Komitee, behalwe as die petisie onderworpe is aan diskwalifikasie soos omskryf in die Wet of hierdie regulasies;

(g) ’n Komiteevergadering bywoon waar sy of haar petisie oorweeg word, behalwe as die voorsitter van die Komitee anders besluit en voor die vergadering skriftelik hom of haar ingelig het van daardie bepaling en die redes daarvoor;

h) geskrewe redes gegee te word as die komitee weier om ’n petisie te oorweeg;

(i) skriftelik in kennis gestel te word van die uitkoms van die oorweging van die Komitee van die petisie;

(j) deur die Komitee ingelig word, waar van toepassing, oor ander uitkomste wat vir hom of haar beskikbaar is; en

(k) op enige redelike tyd toegang hê tot die petisielêer.

(2) ’n petisionaris het die reg om ter enige tyd voordat die Komitee sy oorweging van die petisie afgehandel het—

(a) bykomende inligting by die Komitee in te dien wat betref die onderwerp van die petisie;

(b) ’n geskrewe weerlegging in te dien van enige stelling, opinie of aanbeveling uitgespreek deur enige persoon of liggaam met betrekking tot daardie petisie, indien deur die Komitee genooi om dit te doen; en/of

(c) enige inligting of enige bewyse wat ingedien is oor die onderwerp van die petisie, na ’n versoek aan die Komitee, verkry en daardie inligting moet ingesluit word in die petisielêer.

(3) ’n petisionaris moet die Komitee inlig as enige persoon of liggaam na die voorlegging van die petisie, die saak aangespreek het in terme waarvan die petisie voorgelê is.

**Administratiewe personeel**

5. Die Sekretaris moet sodanige werknemers aanwys vir die Komitee as wat nodig mag wees vir die Komitee om die werk te doen wat spruit uit of verbind is met petisies.

**Verpligtinge van die administratiewe personeel in die verwerking van petisies**

(1.) Die administratiewe personeel moet, by ontvangs van ’n petisie—

(a) seker maak dat die vorm Aanhangsel A tot hierdie regulasies behoorlik voltooi is en onderteken is deur die petisionaris of enige persoon wat gemagtig is om op te tree namens die petisionaris;

(b) bystand verleen aan enige persoon wat nie in staat is om ’n petisie in te vul wat voldoen aan al die vereistes wat gestel word deur die Wet en hierdie regulasies nie; en

(c) bepaal of die petisie voldoen aan die vereistes van die Wet en hierdie regulasies sodat dit oorweeg kan word deur die Komitee.

(2) Die administratiewe personeel moet toesien dat—

(a) ’n petisielêer geopen word vir elke petisie wat ontvang is;

(b) ’n lêernommer toeken aan die petisie; en

(c) ’n petisie registreer deur die besonderhede daarvan aan te teken in ’n register.

(3) Die administratiewe personeel moet, binne vyf werksdae vanaf die ontvangs van die petisie, die petisionaris inlig oor die status van sy of haar petisie en die lêernommer daarvan.

**Prosedure vir die indien van 'n petisie**

(1.) 'n Petisionaris moet die vorm Aanhangsel A volledig invul om sy of haar petisie in te dien.
(2) 'n Petisie moet ingedien word deur—

(a) Geregistreerde pos;

(b) Dit af te lewer by die Provinsiale Parlement in die aangewese houer; (c) e-pos aan die aangewese e-posadres; of

(d) die relevante kolom in te vul op die webblad van die Provinsiale Parlement.

(3) Die vorm Aanhangsel A, wat ingevul moet word deur die petisionaris, soos voorsien in subregulasie (1), moet deur die petisionaris onderteken word of deur enige ander persoon wat toestemming het, namens die petisionaris.

**Die petisielêer**

(1.) Die petisielêer moet die volgende bevat:

(a) 'n behoorlik voltooide petisievorm soos voorgeskryf in Aanhangsel A;

(b) die voorlopige ondersoekverslag soos voorgeskryf in regulasie 9;

(c) enige raad of mening oor die saak verskaf deur 'n regsadviseur soos voorgeskryf in regulasie 9(4); en

(d) enige relevante inligting aangeteken deur die administratiewe personeel.

(2) Die petisielêer moet aanteken of die petisie aanvaarbaar is of nie soos voorgeskryf kragtens artikel 4(1) en (2) van die Wet. (3) Die Komitee moet rekord hou van elke petisie wat ontvang word.

**Voorlopige ondersoek na petisie**

(1.) Die administratiewe personeel moet, binne tien dae vanaf ontvangs van 'n petisie, 'n voorlopige ondersoek doen en daaroor rapporteer wat betref die petisie.

(2) Die administratiewe personeel, in die uitvoering van die voorlopige ondersoek genoem in subregulasie (1), moet—

(a) Alle inligting of dokumente verkry wat verband hou met die petisie wat in besit is van die uitvoerende gesag van die Provinsie, 'n munisipale raad, enige persoon of amptelike liggaam waarna verwys word in die petisie, waar sulke inligting beskikbaar is; en

(b) Die amptelike kommentaar verkry van die relevante department, munisipale raad of amptelike liggaam wat verantwoordelik is vir die funksies wat die onderwerp is van die petisie.

(3) Die administratiewe personeel moet, waar vereis deur die Komitee, 'n vertaling verkry van die petisie en enige ander dokument wat daarmee verband hou.

(4) Waar die petisie verband hou met 'n regsvraag of die interpretasie van wetgewing, moet die administratiewe personeel die regsadviseur van die Provinsiale Parlement vra om raad te gee of 'n mening uit te spreek oor die onderwerp vervat in die petisie.

(5) Die Sekretaris kan skriftelik versoek dat enige persoon of entiteit, anders as dié reeds aangedui in subregulasie (2)(a) en (b), inligting verskaf wat hy, sy of dit het wat verband hou met die onderwerp van die petisie, wat redelik benodig kan word om die voorlopige ondersoek na die petisie af te handel.

(6) Die persoon of entiteit genoem in subregulasie (5) moet die inligting indien binne vyf werksdae vanaf die datum van die versoek deur die Sekretaris.

(7) Die Sekretaris moet, binne vyf werksdae na die voltooiing van die voorlopige ondersoek, die petisielêer na die Speaker verwys.

**Verwysing**

10. Die Speaker moet, by ontvangs van die petisielêer, die petisielêer na die Komitee vir oorweging en afhandeling verwys.

**Komiteeproses**

(11). Die Komitee moet die petisie wat hy na die Speaker verwys het in ooreenstemming met die Wet, hierdie regulasies en die Staande Reëls oorweeg en verwerk.

(2) Die Komitee moet die petisionaris inlig oor—

(a) vordering wat gemaak is met die verwerking van sy of haar petisie;

(b) die datum, plek en tyd wanneer die petisie oorweeg sal word; en

(c) of die Komitee enige mondelinge voorleggings oor die petisie van die petisionaris en/of ander relevante partye nodig sal hê

(3) Die Komitee moet, na die oorweging van die petisie, ŉ verslag indien aan die Speaker met enige aanbevelings genoem in artikel 5(3) van die Wet.

(4) Die Speaker moet sodanige verslag in die Provinsiale Parlement ter tafel lê in ooreenstemming met die aanbevelings gemaak deur die Komitee.

(5) Die Komitee moet die petisionaris skriftelik in kennis stel en, indien nodig, enige ander persoon of entiteit wat belang het by die onderwerp van die petisie—

(a) Van enige ontwikkelings met die petisie, wat insluit die werk van die Komitee; en

(b) Enige relevante besluit van die Provinsiale Parlement wat die petisie betref.

(6) Die Sekretaris moet, binne vier weke vanaf die datum van die besluit deur die Provinsiale Parlement— (a) die indiener inlig oor die finale uitkoms van die petisie; en

(b) waar die petisie verwerp is kragtens artikel 5(6) van die Wet, die petisionaris inlig oor so ŉ besluit met die redes daarvoor, in ooreenstemming met die voorsiening van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet Nr 3 van 2000).

**Kort titel**

12. Hierdie regulasies word genoem die Regulasies op Wes-Kaapse Petisies, 2010.

**Datum van Aanvang**

Hierdie regulasies tree in werking vanaf 8 Junie 2010.

## WET

**Om voorsiening te maak vir die reg om 'n petisie in te dien by die Provinsiale Parlement; om die voorlegging en oorweging van petisies te reguleer; en om voorsiening te maak vir toevallige sake.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement, dat:—

**Definisies**

1. In hierdie Wet, behalwe as die konteks anders aandui dat—
**"Komitee"** beteken die staande komitee van die Provinsiale Parlement aangestel om openbare petisies te hanteer;
**"Nasionale Grondwet"** beteken die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
**"Petisionaris"** beteken 'n persoon wat 'n petisie voorlê aan die Provinsiale Parlement;
**"Provinsiale Uitvoerende Gesag"** beteken die provinsiale uitvoerende gesag waarna verwys word in artikel 35 van die Wes-Kaapse Grondwet;
**"Provinsiale Parlement"** beteken die Provinsiale Parlement van die Provinsie van die Wes-Kaap;
**"Sekretaris"** beteken die Sekretaris van die Provinsiale Parlement;
**"Speaker"** beteken die Speaker van die Provinsiale Parlement;
**"Staande Reëls"** beteken die reëls wat opgestel is deur die Provinsiale Parlement kragtens artikel 23(3)(b) van die Wes-Kaapse Grondwet;
**"hierdie Wet"** sluit in die regulasies wat gemaak is onder artikel 8.

**Reg tot petisie**

2. (1) Enige persoon, groep persone, instelling or vereniging het die reg op 'n petisie in te dien by die Provinsiale Parlement.
(2) Die reg om 'n petisie in te dien moet uitgeoefen word in ooreenstemming met hierdie Wet.
(3) Artikel (1) is nie van toepassing op 'n lid van die nasionale uitvoerende gesag of van die Provinsiale Uitvoerende Gesag nie.
(4) 'n Lid van die Provinsiale Parlement mag nie 'n petisie by die Parlement indien wat genoegdoening vir die lid inhou nie.

**Formele vereistes van petisies**

3. (1) 'n Petisie moet—
(a) die vorm aanneem wat voorgeskryf is deur regulering;
(b) in een van die amptelike tale van die Provinsie wees;
(c) geteken wees deur elke petisionaris of, indien so versoek en veroorloof deur die petisionaris, deur 'n ander persoon namens die petisionaris; en
(d) by die Sekretaris ingedien wees.
(2) 'n Petisie moet konstateer—
(a) die name en adresse van elke petisionaris;
(b) in wie se belang die petisionaris optree; en
(c) watter weë, indien enige, die petisionaris gevolg het in 'n poging om die tersaaklike kwessie by te lê.

**Inhoud van petisies**

4. (1) Onderworpe aan artikel (2), mag 'n petisie bestaan uit enige versoek, klagte, verteenwoordiging of voorlegging wat verband hou met die funksies van die Provinsiale Parlement of die Provinsiale Uitvoerende Gesag, wat insluit enige saak—
(a) waaroor die Provinsiale Parlement wetgewing kan deurvoer;
(b) wat val binne die gebied van verantwoordelikheid van enige lid van die Provinsiale Uitvoerende Gesag;
(c) toegeken is aan 'n lid van die Provinsiale Uitvoerende Gesag kragtens artikel 99 van die Nasionale Grondwet;
(d) verband hou met die gedrag van enige lid van die Provinsiale Uitvoerende Gesag of enige van sy werknemers of agente; of
(e) verband hou met provinsiale toesighouding en monitering van plaaslike regering kragtens artikel 49 en Hoofstuk 5 van die Wes-Kaapse Grondwet.
(2) 'n Petisie is nie aanvaarbaar nie as dit—
(a) buite die bestek val van die sake waarna verwys is in artikel (1);
(b) inmeng met die regsgesag van die Republiek;
(c) te doen het met 'n saak wat hangende is voor die hof; of
(d) 'n saak raak wat ondersoek word deur 'n kommissie van ondersoek aangestel deur die President van die Republiek of die Premier van die Provinsie.

**Oorweging van petisies deur Komitee**

5. (1) Alle petisies wat ontvang word deur die Provinsiale Parlement moet verwys word na die Komitee.
(2) Die Komitee moet—
(a) Die regte van die petisionarisse waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word beskerm en bevorder; en
(b) Onderworpe aan artikels (5) en (6), elke petisie wat na om verwys word oorweeg.
(3) Die Komitee moet oor elke petisie verslag doen aan die Provinsiale Parlement. In sy verslag kan die Komitee enige aanbeveling wat van pas is maak, wat insluit—
(a) in soverre die saak binne die bestek van die Provinsiale Parlement val, moet die Provinsiale Parlement self stappe doen om die kommer van die petisionaris aan te spreek;
(b) dat die saak verwys word na ŉ ander komitee van die Provinsiale Parlement;
(c) dat die saak verwys moet word na die Provinsiale Uitvoerende Gesag of na ŉ munisipale raad in die Provinsie vir hul aandag;
(d) dat die saak verwys moet word na enige ander liggaam of gesag, wat insluit die Nasionale Vervolgingsgesag of ŉ instelling wat gestig is kragtens Hoofstuk 9 van die Nasionale Grondwet;
(e) ŉ aanbeveling gemaak word aan ŉ persoon of liggaam met die vooruitsig dat die saak wat die onderwerp is van die petisie opgelos word; of
(f) Geen verdere stappe gedoen word wat betref die petisie nie.
(4) Die Voorsitter van die Komitee moet verseker dat elke petisionaris betyds en, waar van toepassing, gereeld ingelig word oor ontwikkelings wat betref die betrokke petisie, wat insluit die werk van die Komitee aan die petisie en enige relevante besluit van die Provinsiale Parlement.
(5) Die Komitee moet ŉ petisie verwerp waarna verwys word in artikel 4(2).
(6) Die komitee kan 'n petisie verwerp as—
(a) die petisie nie ten volle voldoen aan artikel 3(1) of (2);
(b) die petisie aanstootlike taal bevat;
(c) die petisie reflekteer op die verrigtinge van die Provinsiale Parlement of enige van sy komitees of andersins aanstoot gee teenoor die Staande Reëls of die praktyk van die Provinsiale Parlement; of
(d) die petisionaris nie alle ander beskikbare regstellings, insluitend, waar van toepassing, regsoptrede, uitgeput het nie.
(7) Wanneer die Komitee ŉ petisie verwerp kragtens artikel (5) of (6)—
(a) moet die Komitee redes verskaf vir sy besluit; en
(b) die Sekretaris moet die petisionaris van die verwerping en van die redes daarvoor inlig.
(8) Die prosedure van die Komitee is soos voorgeskryf deur die Staande Reëls.

**Verslae deur die Provinsiale Uitvoerende Gesag**

6. Wanneer die Provinsiale Parlement die aangeleentheid verwys het na die Provinsiale Uitvoerende Gesag soos bepaal word in artikel 5(3)(c), moet die Premier of die verantwoordelike Minister binne vier weke vanaf die datum van die relevante resolusie, ŉ verslag voorlê aan die Provinsiale Parlement oor die mening van die Provinsiale Uitvoerende Gesag wat die aangeleentheid betref en enige stappe wat gedoen is om die kommer van die petisionaris aan te spreek.

**Administratiewe steun**

7. Die Sekretaris moet verseker dat genoeg administratiewe steun verskaf word om—
   (a) voornemende petisionarisse in staat te stel om petisies in te dien wat voldoen aan die vereistes van hierdie Wet; en
   (b) die komitee in staat te stel om sy funksies uit te voer.

**Regulasies**

8. (1) Die Speaker, na raadpleging met die Komitee—
(a) moet regulasies opstel wat die petisievorm voorskryf waarna verwys word in artikel 3(1)(a); en
(b) kan regulasies uitvaardig, wat nie teenstrydig is met hierde Wet of die Staande Reëls nie, wat betref—
   (i) die proses en prosedure vir die voorlegging van en hantering van petisies; en
   (ii) oor die algemeen, enige saak wat nodig of gerieflik is om voor te skryf om die doelwitte van die Wet te bereik of te bevorder.
(2) Die Sekretaris moet—
(a) so gou doenlik nadat regulasies opgestel is onder artikel (1), die regulasies in die *Provinsiale Koerant* publiseer;
(b) wanneer die regulasies gewysig word, ŉ gekonsolideerde weergawe saamstel; en
(c) ŉ afskrif van die regulasies of die gekonsolideerde weergawe daarvan verskaf, wat ookal die geval is, saam met ŉ afskrif van enige relevante voorsienings van die Staande Reëls wat verband hou met petisies, aan enige lid van die publiek wat so ŉ afskrif aanvra.

**Kort titel en aanhef**

9. Hierdie Wet word die Wet op Wes-Kaapse Petisies, 2006, genoem en het in werking getree op ŉ datum soos gepubliseer in die *Provinsiale Koerant.*

Wes-Kaapse Provinsiale Parlement Western Cape Provincial Parliament Ipalamente yePhondo leNtshona Koloni

(AANHANGSEL A)

## PETISIEVORM

**Wes-Kaapse Wet op Petisies, 2006 (Wet 3 van 2006)**

**1. BESONDERHEDE VAN PETISIONARIS**

1.1 Volle name: ______________________________________________

1.2 Name van persoon of groep wat deur die petisionaris verteenwoordig word: ______________

1.3 Adres: ______________________________________________
______________________________________________

1.4 Telefoon
Huis: ______________________
Werk: ______________________
Selfoon: ______________________

1.5 Faksnommer: ______________________

1.6 E-posadres: ______________________________________________

1.7 Identiteitsnommer / Registrasienommer indien 'n regsentiteit: ______________________

**2. BESONDERHEDE VAN PETISIE**
Daar word van die petisionaris verwag om 'n volledige beskrywing van die redes vir die indiening van die petisie te gee.

______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________
______________________________________________

**3. STAPPE DEUR DIE PETISIONARIS GEDOEN OM DIE AANGELEENTHEID OP TE LOS**

Die petisionaris word versoek om volledige besonderhede te verstrek van stappe gedoen, uitgesonderd die indiening van hierdie petisie, om die aangeleentheid op te los..

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

**4. BESKRYWING VAN ENIGE GETUIENIS WAT NIE IN PAPIERVORM IS NIE EN SAAM MET DIE PETISIE INGEDIEN WORD**

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

**5. TOTALE GETAL BLADSYE BY HIERDIE PETISIEVORM AANGEHEG**

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

**6. TITEL EN GETAL BLADSYE VAN DIE AANHANGSEL BY DIE PETISIEVORM**

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

**7. AARD VAN BYSTAND DEUR PETISIONARIS VERLANG OM HIERDIE PETISIE IN TE DIEN**

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________

**8. VERKLARING VAN PETISIONARIS**

Deur hierdie petisie te onderteken of ʼn merk op hierdie petisie te maak, verklaar die petisionaris dat–

(a) die inhoud van die petisie waar en korrek is;

(b) die petisie nie ʼn aangeleentheid is nie wat–

  (i) verband hou met enige aangeleentheid wat die basis vorm van ʼn hangende petisie of ʼn petisie wat voorheen behandel is;

  (ii) hangende is voor die hof;

  (iii) ten opsigte waarvan ʼn geregshof ʼn finale uitspraak gegee of ʼn finale beslissing gemaak het; en/of

  (Iv) hangende is voor ʼn kommissie van ondersoek aangestel ingevolge die Wes-Kaapse Provinsiale Kommissiewet, 1998 (Wet no. 10 van 1998).

| Handtekening of merk van petisionaris | Datum | Plek |
| --- | --- | --- |
| _________________________ | ____________________ | ______________________ |

Handtekening van getuies waar petisionaris ʼn merk aangebring het

___________________________

Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
Ipalamente yePhondo leNtshona Koloni

## OPVOEDKUNDIGE WERKSWINKEL EVALUASIEVORM

**Datum van slypskool:**

____________________________________________

**Naam en van:**

____________________________________________

**Naam van jou organisasie:**

____________________________________________

1. Wat het jy tydens die wetgewende opvoedingsprogram geleer?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

2. Hoe het die inhoud van die opvoedkundige materiaal jou gehelp om wetlike terme en konsepte beter te verstaan?____________________________________________

____________________________________________

__ ____________________________________________

3. Hoe sal jy die aanbiedingstyl van die fasiliteerder(s) beskryf?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

4. Wat was jou algemene indruk van die slypskool en wat sou jy aanbeveel om toekomstige slypskole te verbeter?

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

**Dankie vir jou deelname.**

Kontakbesonderhede

**Adres**

Waalstraat 7, Kaapstad, 8001

Posbus 648, Kaapstad 8000

**Telefone**

021 487 1600


**E-posadres**

info@wcpp.gov.za

**Webtuiste**

www.wcpp.gov.za

Waar om die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement te kry



ISBN 978-1-928393-80-1